Deed of Transfer T22494/1982, dated 24 June 1982 (par. 2).

6. THE SITE WHERE GEN. DE VILLEBOIS-MAREUIL WAS KILLED, SITUATED ON THE FARM MIDDELKUIL 408, DISTRICT OF BOSHOF

*Description:*

The site where Gen. De Villebois-Mareuil was killed, described as follows: The figure ABC represents 8 038 square metres of land, being a portion of the farm Middelkuil 408, situated in the Administrative District of Boshof, Province of the Orange Free State, as shown on Surveyor's Diagram LG 1147/1986, dated 9 December 1986, and filed in the office of the Surveyor-General in Bloemfontein.

Deed of Transfer 5951/1950, dated 14 December 1950.

7. THE PROPERTY TOGETHER WITH THE JEWISH PIONEERS' MEMORIAL SYNAGOGUE THEREON, TUATED IN RALEIGH STREET, PORT ELIZABETH

*Description:*

The property together with the Jewish Pioneers' Memorial Synagogue thereon, situated on the following erven:

(a) Certain piece of land, situate on Hospital Hill, Port Elizabeth, in the Municipality of the City of Port Elizabeth, Division of Port Elizabeth, known as Strangers Location Lands, being Lot 54 of Subdivisions 1 to 64 (now known as Erf 2228, Port Elizabeth Central), in extend five hundred and forty (540) square metres; and

(b) certain piece of land, situate as above, known as Strangers Location Lands, being Lot 56 of Subdivisions 1 to 64 (now known as Erf 2230, Port Elizabeth Central), in extent five hundred and thirty (530) square metres.

Deed of transfer 23610/1971, dated 7 September 1971.

F.W. DE KLERK,

Minister of National Education.

Transportakte T22494/1982, gedateer 24 Junie 1982 (par. 2).

6. DIE TERREIN WAAR GENL. DE VILLEBOIS-MAREUIL GESNEUWEL HET, GELEË OP DIE PLAAS MIDDELKUIL 408, DISTRIK BOSHOF

*Beskrywing:*

Die terrein waar genl. De Villebois-Mareuil gesneuwel het, soos volg beskryf: Die figuur ABC stel 8 038 vierkante meter grond voor, synde 'n gedeelte van die plaas Middelkuil 408, geleë in die administratiewe distrik Boshof, provinsie die Oranje Vrystaat, soos getoon op Landmeterskaart LG 1147/1986, gedateer 9 Desember 1986, en geliaseer in die kantoor van die Landmeter-generaal in Bloemfontein.

Transportakte 5951/1950, gedateer 14 Desember 1950.

7. DIE EIENDOM TESAME MET DIE JOODSE PIONEERS' MEMORIAL-SINAGOGE DAAROP, GELEË IN RALEIGHSTRAAT, PORT ELIZABETH

*Beskrywing:*

Die eiendom tesame met die Joodse Pioneers' Memorialsinagoge daarop, geleë op die volgende erwe:

(a) Sekere stuk grond, geleë op Hospital Hill, Port Elizabeth, in die munisipaliteit van die stad Port Elizabeth, afdeling Port Elizabeth, bekend as Strangers Location Lands, synde Perseel 54 van Onderverdelings 1 tot 64 (nou bekend as Erf 2228, Port Elizabeth-Sentraal), en groot vyfhonderd-en-veertig (540) vierkante meter; en

(b) sekere stuk grond, geleë soos hierbo vermeld, bekend as Strangers Location Lands, synde Perseel 56 van Onderverdelings 1 tot 64 (nou bekend as Erf 2230, Port Elizabeth), en groot vyfhonderd-en-dertig (530) vierkante meter.

Transportakte 23610/1971, gedateer 7 September 1971.

F.W. DE KLERK,

Minister van Nasionale Opvoeding.

---

**No. 1155** 29 May 1987

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF PROPERTIES AS NATIONAL MONUMENTS

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Frederik Willem de Klerk, Minister of National Education, hereby declare the properties as fully described in the Annexure hereto, to be national monuments.

**No. 1155** 29 Mei 1987

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN EIENDOMME TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Frederik Willem de Klerk, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendomme in die Bylae hiervan volledig beskryf, tot nasionale gedenkwaardighede.